Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

MEER AS NET SYFERS

Deel 4 – Bewus en Ontevrede

Bewustheid - - -> Ontevredenheid - - -> Spandering

Ons begeerte vir meer, beter, vinniger, groter en blinker is ’n eetlus wat nooit tevrede sal wees nie

Prediker 5:9 (NLV) Mense wat geld liefhet, kry nooit genoeg daarvan nie. Mense wat van rykdom hou, is nooit tevrede met hulle inkomste nie.

1 Timoteus 6:7-11 Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie. As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees. Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal. Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid.

Prediker 5:14 Self gaan hy kaal uit die wêreld uit soos hy daarin gekom het. Hy kan niks met hom saamneem vir al sy inspanning nie.

_____

_____

_____

_____

Ons moet **GROOT WINS** herdefinieer in ons kultuur.

Ontevredenheid is gevaarlik.

1 Timoteus 6:18-19 Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.

_____

_____

Vrae om te oorweeg:

1. Wat skep ’n materialistiese ontevredenheid in jou?
2. Wat kan jy doen om minder bewus te wees?
3. Wat kan jy hierdie week doen om van iemand anders se behoefte bewus te word?
4. Waaroor moet jy meer ontevrede word?

_____

_____

_____

NEEM KENNIS

MY STORIE

Ons sal graag wil hoor watter impak hierdie kerk/bediening al in jou lewe gemaak het. Daar is krag daarin om jou eie storie met ander mense te deel. Dit bou jou geloof asook ander mense s'n. As jy graag met ons wil deel watter impak die kerk, of 'n preek, of 'n reeks in jou lewe gemaak het, email jou getuienis vir ons na mystorie@kerk.co.za.

MANNE-AAND: 5 November 18h00

Ons nooi alle manne EN HUL VROUENS na hierdie afsluitingsgeleentheid. Franco Smith, hoofafrigter en direkteur van rugby by die Cheetahs, is ons gasspreker. Sy tema is "Eer die Here in goeie, maar ook slegte tye." Maandagaand, 5 November 2018 om 18:00 in die Kerk. Koffie en beskuit vanaf 17:45. Moenie hierdie geleentheid mis nie. Navrae: Rudi Herbst 082 695 6658 of Christian Cronje 072 773 2648.

DOOP INLIGTINGSAAND: 8 November 18h30

Dalk dink of wonder jy oor die doop. Dalk het jy besluit om gedoop te word of wil jy net van jou vrae beantwoord hê. Ons hou Donderdag, 8 November, om 18:30, 'n inligtingsaand in die Klein Kerkie oor die doop om juis hierdie vrae te beantwoord en jou te help verstaan wat ons as kerk glo oor die doop. Indien jy dit wil bywoon, kan jy jou naam opgee by Magda by die kerkkantoor: 051 451 1017 of magda@kerk.co.za

WORD DEEL

T.i.C. - Teens In Christ

T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

GROEP VIR 18-30's: Dinsdae 19h00

Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jaar wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

BYBELSKOOL: Donderdae 9h00

Donderdae oggende om 9h00 werk in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van Unlocking the Bible. Navrae: Helena Bam 0843515855.

ICONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere in die **voorportaal van die kerk**.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!